NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 6
19 Februarie 2026

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Op watter ouderdom behoort 'n predikant te emeriteer en finaal uit te tree?

**Binne die volgende paar jaar emeriteer etlike van die Kerk se predikante. Die aantal teologiese studente wat afstudeer, balanseer nié met die getal wat emeriteer nie. 24% van die predikante wat emeriteer, wil nie verder in gemeentes werk nie. Slegs 52% van die predikante wat emeriteer is steeds aktief in bediening by gemeentes. Hoe lyk die pad vorentoe?**

Reëlings wat tans geld:

- Die Kerkorde bepaal dat predikante aan die einde van die maand waarin hulle 65 jaar oud word, moet emeriteer.
- Tydens die 74ste Algemene Kerkvergadering is daar besluit om die aftreeouderdom op 65 jaar te hou.
- In die Suid-Afrikaanse mark is die gemiddelde aftreeouderdom 63 jaar. Die ouderdom wissel tussen die privaat- en die openbare sektor.

Weens finansiële druk en 'n tekort aan predikante, word predikante genoodsaak om langer aan te hou werk. Die vraag waarmee baie predikante worstel is: Op watter ouderdom behoort ek dan te emeriteer?

In plaas van 'n spesifieke ouderdom, moedig Thom Rainer predikante aan om eerder na te dink oor tien diagnostiese vrae:

1. Is jy fisies en emosioneel in staat om steeds op 'n hoë vlak te funksioneer? Indien nie, behoort jy af te tree. Effektiewe leierskap vereis fisiese uithouvermoë én emosionele veerkragtigheid.
2. Is jy steeds gemotiveerd as leier in jou roeping? Indien jy nie daagliks wakker word en opgewonde is daaroor nie, is dit dalk tyd om eenkant toe te staan.
3. Studeer jy steeds? Lees jy, luister jy na ander, woon jy opleidingsgeleenthede by, leer jy nuwe tegnologieë aan, en bly jy op hoogte van jou vakgebied? 'n Stagnante leier kan 'n kerk se vordering belemmer. Wat van 'n brugbedieningskursus?
4. Volhard jy om finansiële redes? As dit die hoofrede is om aan te bly, doen jy dalk jouself en die gemeente 'n onreg aan.
5. Het jy nog 'n duidelike Goddelike roeping vir jou bediening? Sonder 'n duidelike roeping, dobber jy net rond. Dalk is dit dan tyd om emeritaat te oorweeg.
6. Verswak die gemeente se vitaliteit onder jou leierskap? Alhoewel dit nie altyd die pastor se skuld is nie, is dit noodsaaklik om te vra of nuwe leierskap herlewing kan bring.
7. Veroorsaak die woord *verandering* dat jy bedreig of kwaad voel? Weerstand teen verandering kan effektiewe leierskap belemmer, veral in 'n vinnig veranderende kulturele en bedieningslandskap.
8. Bemagtig jy lidmate gereeld? Neem jy tyd om ander toe te rus vir bediening en leierskap? 'n Gebrek aan belegging in ander mag daarop dui dat jy besig is om rond te dobber.
9. Ondersteun jou familie jou in jou bediening? Jou eggenoot en kinders het dikwels 'n beter insig in wat die beste vir jou en die gemeente is. Hul perspektief is belangrik.
10. Vind jy jouself verlangend na die *goeie ou dae*? Dan leef jy dalk in die verlede, oneffektief in die hede, en onbevoeg op pad na die toekoms. Dit mag dalk tyd wees om te emeriteer.

Predikante verstaan dat jy selde volledig aftree uit die bediening. Dit negeer egter nie die feit dat dit dalk tyd is vir sommige predikante om weg te stap van hul bedieningsrol en ander maniere te vind om te dien nie.

Op watter ouderdom dan aftree?

Sommige mag baie produktiewe jare oorhê in hul bedieningsrol, terwyl ander moet aftree om nuwe leierskap toe te laat om die gemeente na God se beloofde en voorkeur toekoms te lei.


Wanneer predikante die besluit moet neem oor emeritaat of hul voortgesette bediening in die Kerk, is die volgende belangrik: Wees eerlik met jouself. Bowenal, wees eerlik met God. As dit tyd is om uit te tree, vertrou dat Hy jou sal lei in hierdie oorgang, net soos Hy dwarsdeur jou bediening gedoen het.

**Dr Johan Bester**
**(Randfontein Midpark/SGB)**

## Lief en leed



Ds Willem Sauer



Mev Lizbé Dreyer

- **Ds Willem Sauer** (Waterberg) is geskeduleer om 'n rugoperasie op 18 Februarie te ondergaan. Die Kerk bid hom 'n spoedige herstel toe.

- Die Kerk betuig simpatie met **prof Yolanda Dreyer** (emeritus) en **dr Thomas Dreyer** (Malelane) met die afsterwe van prof Yolanda se ma en dr Thomas se ouma, **mev Lizbé Dreyer**, gebore Kellermann (1933-2026). Mev Dreyer het in Kaapstad grootgeword en belydenis van geloof in die Groote Kerk afgelê waar haar pa ouderling was. Sy trou met Tom, die seun van een van die Hervormde predikantetweeling, ds Theuns Dreyer, 'n destydse Skriba van die Kerk. Drie kinders word uit die huwelik gebore: Theuns, Johan en Yolanda. Lizbé se opleiding was in spesiale onderwys en sy het jare lank as orrelis in die Gemeentes Kaapstad en Tygerberg gedien.

- **Die volgende predikante verjaar tot 27 Februarie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (emeritus/Stellenbosch/Worcester), en ds PS (Peet) Esterhuizen (emeritus)
  - Donderdag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (emeritus)
  - Vrydag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Marè (emeritus)
  - Saterdag 21 Februarie: Dr TF (Thomas) Dreyer (Malelane)
  - Maandag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (siekte-emeritaat), en ds N (Natasha) Loftus (Barberton/Nelspruit)
  - Dinsdag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (emeritus), en ds JD (Daniel) Steinmann (Windhoek)
  - Woensdag 25 Februarie: Dr CB (Bernard) Prinsloo (Onverwacht)
  - Donderdag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (Seestergemeente Brackenhurst)

## Gemeentes en bediening



Ds Daniel Steinmann

- Die Kommissie van die AKV verleen **emeritaat** op 28 Februarie aan **ds JD (Daniel) Steinmann** (Windhoek).

- Het u gemeente 'n behoefte aan **professionele opnames**? Aanlyn sigbaarheid hoef nie 'n uitdaging te wees nie. Die **Ateljee@Waterkloofpark** bied hierdie dienste aan gemeentes teen **bekostigbare pakkette**, gefokus op u gemeente se behoeftes. **Kontak ons** vir meer inligting by 012 460 8441 of **justine@pretoriaoos.com**.

## Vergaderings

- Donderdag 19 Februarie: NHKA Pensioenfonds<br>SSF NHKA Bestuursforum
- Vrydag 27 Februarie: Raad van Finansies

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Rugby & basaar – wat meer kan 'n Suid-Afrikaner voor vra?** As ons aan Suid-Afrikaners dink, dink ons aan twee dinge: rugby en basaar! **Gemeente Bronkhorstspruit** kombineer die twee gunstelinge vir 'n dag vol sport, kuier, lag en kos uit die boonste rakke – soos net ons dit kan doen. Daar sal heerlike eetgoed, lekker saamkuier, aktiwiteite vir die jongspan en natuurlik ook vleis te koop wees teen pryse wat selfs meer indrukwekkend is as Rassie Erasmus se wedstrydplanne! Kom geniet die dag saam met ons!
  **Plek: NHKA Bronkhorstspruit**
  **Datum: 28 Februarie 2026**
  **Tyd: 07:30-14:00**





## Kerklike en ander publikasies







## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## ’n Gedig

**Verwagting**

daar is iets wat stilweg gebeur
soos die hemel wat aan die oostekant verkleur
dit kom saggies dit is moeilik om te sien
maar dis daar dit is meer as net miskien
dis in elke landstreek elke dorp en elke straat
dis in elke blom en elke vrug en elke saad
dit kom soos ’n rustelose brander
wat jou omkeer en wat alles kom verander
jy hoor dit in baie ou verhale
dit word vertel in alle lande alle tale
dit kom vir die siekes en beseerdes
die verwerptes veragtes en verkeerdes
dit maak nuut dit maak beter dit maak heel
en so mooi as wat jy jou maar kan verbeel
dit waai oor die berge soos die wind
en dis onkeerbaar soos die geboorte van ’n kind

**Neels Jackson**


versindaba.co.za/2023/12/09/neels-jackson-verwagting/

## Toerusting






- **Beurs vir PhD-studie by UOVS:** Die Departement Filosofie en Klassieke van die Universiteit van die Vrystaat nooi uitstaande akademiese kandidate om aansoek te doen vir 'n volle beurs vir 'n doktorale studie in die Klassieke en/of Klassieke studies. **Aansoeke sluit op 28 Februarie** en moet gerig word aan prof Johann Roussow (**rossouwjh@ufs.ac.za**) en dr John Meyer (**meyerjc@ufs.ac.za**). **Kontak** asseblief vir dr John Meyer ( **meyerjc@ufs.ac.za**) vir meer inligting.




## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Almagtige en Ewige God,
wat sonde vergewe van hulle wat opregte berou het.
Skep nuwe harte in ons sodat ons opregte berou kan hê
oor ons sonde en ons swakhede kan bely,
sodat ons genade en vergifnis kan ontvang van U, God,
deur ons Here Jesus Christus.
Amen.

bible.com/af/reading-plans/105-devotions-for-lent-from-holy-bible-mosaic/day/2



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger